



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2014

**EKONOMIE V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B ✓✓	intermediêre		
	1.1.2	B ✓✓	ongeskoolde arbeid		
	1.1.3	C ✓✓	progressiewe		
	1.1.4	B ✓✓	Ekonomiese groeikoers		
	1.1.5	C ✓✓	verskuilde werkloosheid		
	1.1.6	B ✓✓	repokoers		
	1.1.7	A ✓✓	vlak van per capita inkome		
	1.1.8	C ✓✓	Statebond	(8 x 2)	(16)
1.2	1.2.1	B ✓	Gratis gawe uit die natuur		
	1.2.2	E ✓	Verteenwoordig besteding op kapitaalvoorraad		
	1.2.3	H ✓	Bevorder volhoubare en regverdige ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling in Suider-Afrika		
	1.2.4	F ✓	Toeken van regerings tenders aan ondernemings wat aan die SEB wetgewing voldoen		
	1.2.5	A ✓	Maatreëls deur die SARB geneem om die aanbod van geld te beïnvloed		
	1.2.6	C ✓	Gebruik van goedere en dienste om behoeftes te bevredig		
	1.2.7	D ✓	Formele en spesifieke aktiwiteite wat die vermoë van alle individue om hulle eie potensiaal te bereik, verbeter		
	1.2.8	I ✓	Die verkryging van ondernemings in private besit deur die regering, sonder vergoeding	(8 x 1)	(8)
1.3	1.3.1	Produksiemetode ✓			
	1.3.2	Menslike ontwikkelingsindeks (MOI) ✓			
	1.3.3	Finale goedere ✓			
	1.3.4	Ontwikkelande land ✓			
	1.3.5	Inkome verdeling ✓			
	1.3.6	Monetêre Unie ✓		(6 x 1)	(6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B (Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.)**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE****2.1. Noem enige TWEE soorte kapitaal**

- 2.1.1
- Fisiese kapitaal ✓
 - Finansiële kapitaal ✓
 - Vaste kapitaal ✓
 - Menslike kapitaal ✓
 - Sosiale kapitaal ✓
 - Kapitaalvoorraad ✓
 - Bedryfskapitaal ✓
- (Enige 2 x 1) (2)
- 2.1.2
- Markeconomie los die basiese ekonomiese probleem van “wat”, “hoe” en “vir wie” om te produseer hoofsaaklik op deur middel van die markmeganisme. ✓✓
- OF**
- Beteken dat pryse en hoeveelhede in die ekonomie beheer word deur die markkragte van vraag en aanbod. ✓✓
- (1 x 2) (2)

2.2 DATA RESPONS

- 2.2.1 Is geld wat deur die regering aan goedere en dienste, wat voordele aan die hele gemeenskap bied, bestee word. ✓✓ (2)
- 2.2.2 Onderwys ✓✓ (2)
- Onderwys is belangrik vir vaardigheidsontwikkeling in SA om die arbeidsmag te verbeter ✓✓
 - Om jong mense lewensvaardighede en belangrike waardes te leer. ✓✓
- (Enige 1 x 2) (2)
- (Enige toepaslike antwoord)**
- 2.2.3
- Dit voorsien goedere en dienste wat beide individuele en kollektiewe behoeftes van die gemeenskap bevredig. ✓✓
 - Verskaf goedere en dienste teen laer koste en soms gratis, wat lede van die publiek help om hierdie dienste te geniet. ✓✓
 - Werkskepping deur basiese projekte soos die oprigting van paaie, damme en riolering. ✓✓
- (Enige 2 x 2) (4)

2.3 DATA RESPONS

- 2.3.1 Is die vergoeding of betaling vir die gebruik van produksiefaktore wat beperk is in aanbod. ✓✓ (2)
- 2.3.2 Vraag en aanbod. ✓✓ (2)
- 2.3.3
- Die aanbod van natuurlike hulpbronne is vas en is beperk tot dit wat die natuur aan ons voorsien ✓
 - Dit is beperk omdat die hulpbronne nie mensgemaak is nie ✓
 - Hierdie hulpbronne is skaars in verhouding tot die vraag daarvoor ✓
 - Die beskikbaarheid van nie-hernieubare hulpbronne kan nie verhoog word indien meer hulpbronne vereis word nie. ✓
 - Dit is egter moontlik om meer van die beskikbare hulpbronne uit te buit ✓
 - Die nadeel hiervan is dat dit dan gouer opgebruik sal word ✓
 - Nuwe tegnologie kan die produktiwiteit van sommige natuurlike hulpbronne verbeter ✓ (Enige 2 x 1) (2)
- 2.3.4 $\text{Ekonomiese huur} = R35\ 000 - R10\ 000 \checkmark\checkmark = R25\ 000 \checkmark\checkmark$ (4)

2.4 Vergelyk 'eienaarskap' en 'motivering' as die ekonomiese eienskappe van sentraal beplande en gemengde ekonomiese stelsels in tabelvorm.

Sentraal beplande	Gemengde ekonomie
<p>Eienaarskap</p> <ul style="list-style-type: none"> • Produksiefaktore, behalwe arbeid is in staatsbesit. ✓✓ • Arbeidsdienste word egter deur die staat bestuur. ✓✓ • Daar is nie privaat besit van eiendom, grond of besigheid nie. • Alle privaat eiendom is genasionaliseer. ✓✓ • Nasionalisasie is 'n praktyk om hierdie kenmerk te versterk. ✓✓ 	<p>Eienaarskap</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbruikers, produsente en organisasies besit meeste van die produksiefaktore. ✓✓ • Die staat mag 'n beduidende gedeelte besit. ✓✓ • In SA, besit die staat direk grond en kapitaal, deur sy ondernemings soos Transnet, Telkom, Poskantoor, Eskom, SABC en Waterraad. ✓✓
<p>Motivering</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbruikers, ondernemings en staat word aanvaar om almal onbaatsugtig te wees, en saam te werk tot voordeel van die gemeenskap. ✓✓ • Dit is in teenstelling met meeste ekonomiese agente in mark ekonomieë wie aanvaar word om slegs deur eiebelang gemotiveer word. ✓✓ (4) 	<p>Motivering</p> <ul style="list-style-type: none"> • In die privaat sektor van die gemengde ekonomie, word aanvaar dat verbruikers en produsente deur eiebelang gemotiveer word. ✓✓ • Die openbare sektor, word egter aanvaar om gemotiveer te word deur die noodsaaklikheid om die sosiale behoeftes van die gemeenskap te bevredig. ✓✓ (4)

2.5 Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die tersiêre sektor in die ekonomie.

2.5.1 Bydrae tot die BBP ✓✓

- Die tersiêre sektore maak tans die grootste bydrae tot Suid-Afrika se BBP. ✓✓
- Die bydrae het van 51% van die BBP in 1960 gestyg tot 67% in 2010. ✓✓
- Dit toon dat ons ekonomie meer ontwikkel raak soos wat produkte van die ander sektore in formele markte verhandel word. ✓✓

2.5.2 Bydrae tot werkverskaffing en opleiding ✓✓

- Die tersiêre sektor is die grootste werkverskaffer in die ekonomie. ✓✓
- Dit het 71% van die arbeidsmag in 2010 in diens gehad. ✓✓
- Dit verskaf werk aan hoogs geskoolde sowel as semi-geskoolde en ongeskoolde werkers. ✓✓
- Geleenthede vir opleiding word verskaf deur meeste besighede in hierdie sektor, beide in staats- en privaatbesit. ✓✓

2.5.3 Bydrae tot ekonomiese groei ✓✓

- Die groei van die tersiêre sektor was meer as dié in enige van die ander sektore. ✓✓
- Die groei in die tersiêre sektor vir die sewe jare vanaf 2003 tot 2010 was baie hoër as in die primêre en die sekondêre sektore. ✓✓
- Oor hierdie tydperk was die tersiêre sektor die “enjin van groei” wat die ander sektore getrek het. ✓✓

2.5.4 Bydrae tot uitvoere ✓✓

- Lande voer dienste uit wanneer hulle dienste, aan buitelanders, verkoop, soos versekering en hawefasiliteite. ✓✓
- Lande kan ook dienste invoer. ✓✓
- Die groei van die tersiêre sektor was meer as in enige van die ander sektore. ✓✓

(Enige 4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

- 3.1 3.1.1 • Vergelyk lewensstandaard. ✓
 • Dui lewensstandaard aan. ✓
 • Dui ekonomies ontwikkeling aan. ✓ (Enige 2 x 1) (2)
- 3.1.2 Inkomme verdeling wat in nie in verhouding tot die aantal persone in die bevolking is nie. ✓✓ **(Enige toepaslike antwoord)** (2)
- 3.2 **DATA RESPONS**
- 3.2.1 Dis al die geboude fasiliteite wat nodig is vir ekonomiese ontwikkeling, bv. paaie, telefone en hospitale, ens. ✓✓ (2)
- 3.2.2 • Ekonomiese infrastruktuur – vervoer, water, sanitasie, elektrisiteit, ens. ✓
 • Sosiale infrastruktuur – gesondheid, behuising, kultuur aktiwiteite ✓ (2)
- 3.2.3 • Vervoer ✓✓ (2)
- 3.2.4 • Bepaal die sukses van vervaardiging en landbou-aktiwiteite. ✓✓
 • Verbeter lewens ✓✓
 • Verminder armoede ✓✓
 • Brei kulturele vooruitgang uit ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 3.3 **DATA RESPONS**
- 3.3.1 Inflasie is aanhoudende styging in die algemene prysvlakke oor 'n periode van tyd. ✓✓ (2)
- 3.3.2 3% tot 6% ✓✓ (2)
- 3.3.3 Die waarde van geld is laag/het gedaal. ✓✓ (2)
- 3.3.4 • Gesondheid ✓✓
 • Vervoer ✓✓
 • Onderwys ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 3.4 **Bespreek die redes vir ongelyke verspreiding van inkomme.**
- Ongelyke besit van rykdom – Soos rykdom inkomme genereer in die vorm van winste, rente en dividende, veroorsaak verskille in rykdom verskille in inkomme. ✓✓
 - Verskille in die samestelling van huishoudings – Sommige huishoudings is groot en ander is klein. ✓✓
 - Verskille in vaardighede en kwalifikasies – Die met gevorderde vaardighede en kwalifikasies sal heel waarskynlik hoër inkomme verdien. ✓✓
 - Diskriminasie – Die inkomme van sommige groep is benadeel deur diskriminasie in terme van werkseleenthede, salaris en bevorderings geleenthede. ✓✓ **(Slegs gelys – maks. 4 punte)** (4 x 2) (8)

3.5 Elemente van IK

- Die ekonomiese element ✓✓ – Sluit in landbou-aktiwiteite, bv. lewende hawe en gewasverbouing. ✓✓ Mynbou bv. goud, yster en koper. ✓✓ Vervaardiging bv. boerdery-implemente soos ploëë, huishoudelike eetgerei, handwerk en juwele. ✓✓ Dienste bv. gesondheidsorg, medisyne, mediese behandeling en versorging. ✓✓
- Die sosiale (kulturele) element ✓✓ – Sluit in geloof en godsdienstige aktiwiteite bv. ontspanning en onderwys. ✓✓ – Lewe volgens die beginsels van Batho-Pele (plaas mense eerste) en Letsema (bied aan om meer te doen). ✓✓
- Die bestuur (politieke) element ✓✓ – Sluit in die gesagstelsel bv. konings, hoofmanne en die regstelsel bv. verhore en strafmaatreëls. ✓✓

(2 x 4)

(8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

- 4.1 4.1.1
- Duursame goedere ✓
 - Nie-duursame goedere ✓
 - Semi duursame goedere ✓
 - Dienste ✓
- (Enige 2 x 1) (2)

- 4.1.2
- Ekonomiese groei is 'n toename in die produksiekapasiteit van goedere en dienste in 'n land oor 'n jaar, in fisiese terme. ✓✓ (2)

4.2 DATA RESPONS

- 4.2.1
- Nuwe Groeipad is 'n makro-ekonomiese beleid wat in 2010 bekendgestel is om armoede en werkloosheid te beveg en werkskepping te prioritiseer. ✓✓ (2)

- 4.2.2
- Is om vyf miljoen werksgeleenthede teen 2020 te skep. ✓✓ (2)

- 4.2.3
- Om die sigbaarheid en samewerking van Suid-Afrika se R860 miljard se openbare investering veldtog, te verbeter. ✓✓
 - Dit sal alle sfere van die regering, verskeie nasionale departemente en SBOs insluit. ✓✓
 - Sal daarna streef om regulerende en befondsing beperkings op te hef. ✓✓
 - Stel vyf-jaar projek voorkeure ✓✓
 - Skep sekerheid oor verwagte ontwikkelings en nywerheids na-draaie. ✓✓
 - Ondersteun die herlewing van die treinspoor infrastruktuur ✓✓
 - Verkry beheer oor die lewensiklus onderhoud uitdaging en verbeter skakeling met arm en plattelandse gemeenskappe. ✓✓
- (Enige 1 x 2) (2)

- 4.2.4
- Infrastruktuur ✓✓
 - Landbou- en landbouverwerking ✓✓
 - Mynbou- en mineraalverdeling ✓✓
 - Vervaardiging ✓✓
 - Toerisme en verkose dienste ✓✓
- (Enige 2 x 2) (4)

4.3 DATA RESPONS

- 4.3.1
- Besparings ✓
 - Geskenke ✓
 - Waardering van bates ✓
 - Geluk ✓
 - Entrepreneurs aktiwiteite ✓
- (Enige 2 x 1) (2)

- 4.3.2
- Individue spaar wanneer hulle hulleself daarvan weerhou om hulle hele inkome te bestee ✓✓
 - Hulle versamel rykdom wanneer hulle kontant terughou, deposito's maak, premies betaal op versekeringpolis en beleggings maak. ✓✓
- (4)

- 4.3.3
- Lorenz-kurwe ✓
 - Gini-koeffisiënt ✓
- (2)

- 4.3.4 Hulle is noodsaaklik vir ekonomiese groei en ontwikkeling. ✓✓ (2)

4.4 **Bespreek 'geld as 'n waardedraer' en 'geld as 'n rekeneenheid' as funksies van geld.**

Geld as 'n waardedraer

- Geld word welgemeen aanvaar, daar sal altyd individue, besighede en huishoudings wees wat in besit is van geld. ✓✓
 - Nadat geld ontvang word as 'n inkome, word dit gehou en betalings word gemaak wanneer goedere en dienste gekoop word. ✓✓
 - Werkers ontvang byvoorbeeld hulle inkome een maal 'n week of maand en spandeer dit gedurende die maand tot die volgende maand se salaris ontvang word. ✓✓
 - Besighede ontvang geld wanneer huishoudings en ander debiteure hulle rekeninge betaal. ✓✓
 - Wanneer geld gehou word, dien dit as waardedraer totdat dit gebruik word om vir goedere en dienste te betaal. ✓✓
 - Geld wat nie spandeer word nie, vorm deel van persoonlike rykdom van individue en besighede. ✓✓
 - Geld as 'n waardedraer word ook gebruik om persoonlike rykdom te berg. ✓✓
- (Enige 2 x 2) (4)

Geld as rekeneenheid

- Goedere en dienste wat te koop is, het altyd 'n prys. ✓✓
 - Prys word uitgedruk in terme van standaardgeld, byvoorbeeld in rand en sent. ✓✓
 - Wanneer iets 'n prys het, dien geld as 'n rekeneenheid. ✓✓
- (Enige 2 x 2) (4)

4.5 Onderskei tussen 'kapitaal verbreding' en 'kapitaal verdieping'.

Kapitaal-verbreding

- Gebeur wanneer die kapitaalvoorraad teen dieselfde koers as die arbeidsmark groei, wat lei tot die gemiddelde hoeveelheid kapitaal per arbeider wat dieselfde bly. ✓✓
- Byvoorbeeld, in 'n span van 20 werkers is daar 10 grawe (kapitaalgoedere), wat 'n arbeid tot kapitaalverhouding van 2 : 1 gee. ✓✓
- As die werkers toeneem tot 30, moet die werkgewer belê in nog 10 grawe om die arbeid tot kapitaal verhouding te behou. ✓✓
- Die werkers kan nou hulle vorige produksievlak per werker volhou. ✓✓
- Daar sal geen ekonomiese groei, geen verandering in die reële BBP en die reële BBP per capita wees nie en ook geen verandering in die lewensstandaard wees nie. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

Kapitaal-verdieping

- Gebeur wanneer die hoeveelheid kapitaal per werker toegeneem het, dit is, wanneer die koers waarteen die kapitaalvoorraad toeneem, hoër is as die koers waarteen die arbeidsmag toeneem. ✓✓
- Byvoorbeeld, wanneer die aantal werkers toeneem van 20 na 40, moet die werkgewer belê in nog 20 grawe om 'n totaal van 40 grawe te verskaf. ✓✓
- Dit verhoog die kapitaal tot arbeidverhouding van 2 : 1 (of 4 : 2) tot 4 : 3. ✓✓
- Dit sal die span werkers toelaat om meer werk te doen en doeltreffendheid verhoog. ✓✓
- So, kapitaal verdieping lei tot 'n toename in die reële ekonomiese groei wat die lewensstandaard van die bevolking sal verbeter. ✓✓
- Dit is omdat dit lei tot 'n hoër reële BBP en hoër BBP per capita. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C (Beantwoord enige EEN vraag uit hierdie afdeling)**VRAAG 5**

Bespreek die ekonomiese belangrikheid van entrepreneurskap. As toevoeging, bespreek hoe die Suid-Afrikaanse regering entrepreneurskap aanmoedig.

INLEIDING

'n Entrepreneur is 'n persoon wat die risiko neem om 'n nuwe besigheid te begin en te finansier om die behoeftes van verbruikers te bevredig deur die ander produksiefaktore doeltreffend te kombineer om 'n wins te maak. ✓✓

(Enige toepaslike inleiding is aanvaarbaar) Maks. (2)

INHOUD**Belangrikheid van entrepreneurskap**

- Entrepreneur word in klein en groot ondernemings gevind. ✓✓ Omdat daar soveel meer klein ondernemings is, is die bydrae van entrepreneurs in die kleiner ondernemings beduidend. ✓✓ Oor die wêreld heen, blyk kleiner sake ondernemings die natuurlike teelaarde te wees vir entrepreneurs. ✓✓ Kleiner besighede laat hulle meer vryheid toe om hulle eie innovasies toe te pas. ✓✓
- In Suid-Afrika, begin baie entrepreneurs hulle eie mikro-besighede in die informele sektor om vir hulleself werk te verskaf. ✓✓ Baie van hierdie entrepreneurs in die informele sektor is werkloos, arm mense wat die sakewêreld betree, bloot om te oorleef, sonder die fondse, vaardighede en kennis om 'n sukses van hulle besigheid te maak. ✓✓ Hulle behoort erkenning te ontvang omdat hulle, hulle eie behoeftes bevredig. ✓✓
- Lande wat 'n kultuur van entrepreneurskap aanmoedig, soos Japan, VSA en Europa, word gekenmerk deur ekonomiese rykdom wat weerspieël word in hulle bevolkings sê hoë per capita inkome. ✓✓ In lande waar 'n kultuur van entrepreneurskap ontbreek, soos in die voormalig Sowjetunie, lande in Oos-Europa, Afrika en selfs Suid-Afrika, is die per capita inkome baie laer. ✓✓
- Suksesvolle entrepreneurs lewer 'n beduidende bydrae in die ekonomie van die gemeenskap waarin hulle sake bedryf asook tot die ekonomie van die land. ✓✓

Hulle bydraes is as volg:

- Hulle bevredig die behoeftes van verbruikers in die gemeenskap deur goedere en dienste te voorsien wat die gemeenskap vereis. ✓✓
- Hulle verskaf werk aan inwoners van die gemeenskap. ✓✓ Sodoende plaas hulle inkome in die hande van werkers en verbruikers en help dit om die lewensstandaard van die werkende mense te verhoog. ✓✓ Hulle help dikwels om werkloosheid te verminder. ✓✓
- Hulle dien as 'n mark vir die natuurlike hulpbronne of grondstowwe van die gemeenskap, so hulle verskaf inkome aan die eienaars van hierdie hulpbronne. ✓✓

- Verantwoordelike entrepreneurs toon leierskap in die verantwoordelike gebruik van skaars hulpbronne. ✓✓ Hulle produseer nie goedere en dienste of stel afval vry in die aarde, water of atmosfeer, wat die omgewing kan beskadig nie. ✓✓
- Entrepreneurs maak produksie 'n realiteit, as gevolg van die hoë vlak van hulle strewes en motivering asook die dryfveer om goeie winste te maak. ✓✓ Soos wat hulle streef om hulle eie take meer doeltreffend uit te voer, help hulle om produktiwiteit te laat toeneem. ✓✓
- Deur al hierdie aktiwiteite, lewer entrepreneurs 'n positiewe bydrae tot die ekonomiese groei van die gemeenskap waarbinne hulle werk asook die ekonomiese groei van die land. ✓✓ (Enige 13 x 2) (26)

As toevoeging, bespreek hoe die Suid-Afrikaanse regering entrepreneurskap aanmoedig.

As gevolg van die belangrikheid van entrepreneurskap in Suid-Afrika, het die regering sleutel-instellings geloods om Suid-Afrika se histories benadeelde entrepreneurs (vroue en jeug in besonder) te magtig om nuwe besighede op te rig. Sommige van hierdie instellings is die volgende:

- Die Klein ondernemings ontwikkelings-agentskap (Small Enterprise Developing Agency – Seda) wat nie-finansiële hulp, soos mentor programme, sake advies, ✓✓ hulp met regerings tenders en ondersteuning met tegnologie aan klein ondernemings lewer. ✓✓
- Khula Kredietvrywaring Skema (Khula Credit Indemnity Scheme) verskaf toegang tot finansiering deur verskeie skemas en mikro-krediet in plattelandse gebiede, ten einde klein ondernemings te ondersteun tot voordeel van nuwe swart entrepreneurs. ✓✓
- Sake Vennote Bpk. (Business Partners Ltd) is 'n spesialis beleggingsgroep, wat spesifiek aangepaste investering, mentorskap en eiendomsbestuur dienste beskikbaar stel aan KMO's in Suid-Afrika. ✓✓ (5 x 2) (10)

SLOT

Entrepreneurs is nodig vir die ekonomiese groei van 'n land. Regerings waardeer en erken hulle belangrikheid. ✓✓

**(Enige toepaslike slot is aanvaarbaar) Maks. (2)
[40]**

VRAAG 6

Bespreek die kenmerke van ontwikkelende lande. As toevoeging, verduidelik kortliks die ontwikkelingsstrategieë wat 'n land kan implementeer.

INLEIDING

Ekonomiese ontwikkeling is 'n proses van transformasie waartydens die inwoners van 'n land 'n hoër lewensstandaard, meer werksgeleenthede, regeringsinmenging en minder armoede ervaar. ✓✓

(Enige toepaslike inleiding is aanvaarbaar) Maks. (2)

INHOUD**1. Lae lewensstandaard ✓✓**

- Die lewenstandaard van die meeste mense is laag. ✓✓
- Hulle verdien lae inkome wat lei tot armoede, gebrek aan behuising. ✓✓
- Die lae lewenstandaard word gemanifesteer in:

(a) Armoede ✓✓

- 'n Groot aantal mense lewe onder die armoedelyn. ✓✓
- Armoede word gekenmerk deur onvoldoende behuising, swak gesondheid, beperkte onderwys, hoë kindermortaliteit, werkloosheid en 'n gevolg van wanhoop. ✓✓
- 'n Huishouding wat in armoede lewe, het nie genoeg inkome om sy behoeftes te bevredig nie. ✓✓

(b) Swak gesondheidstoestande ✓✓

- Mense ly aan wanvoeding en siektes. ✓✓
- Hierdie lande het nie genoeg voedsel nie. ✓✓
- Hulle is afhanklik van hulp van ontwikkelde lande. ✓✓

(c) Gebrek aan onderwys ✓✓

- Die vlak van onderwys en opleiding is baie laag. ✓✓
- Daarom ervaar hulle lae produktiwiteit en lae inkome. ✓✓
- Onderwys is noodsaaklik om ontwikkelende lande te verlos uit die siklus van armoede. ✓✓

2. Lae vlakke van produksie ✓✓

- Produktiwiteit per capita is baie laag. ✓✓
- Die rede hiervoor is die swak gesondheid, swak onderwys en opleiding. ✓✓
- Daar is 'n gebrek aan kapitaal om masjinerie en toerusting te koop en om menslike hulpbronne te ontwikkel. ✓✓

3. Hoë vlakke van werkloosheid en onder indiensname ✓✓

- Die meerderheid van mense is werkloos of onder indien geneem. ✓✓
- Dit is omdat daar min nywerhede is. ✓✓
- Dit lei tot lae inkome en 'n lae lewensstandaard. ✓✓

4. Hoë bevolkingsgroeikoers ✓✓

- Hulle het 'n baie hoë bevolkings groeikoers. ✓✓
- Die aantal kinders onder 15 jaar maak gewoonlik omtrent 40% van die bevolking uit. ✓✓
- Elke gesin het 'n groot aantal afhanklikes. ✓✓

5. Hoë afhanklikheid van primêre sektor ✓✓

- Hulle het gebrekkige ekonomiese strukture. ✓✓
- Hulle is meestal afhanklik van die landbousektor. ✓✓
- Dit is omdat daar geen vervaardigingsondernemings is nie. ✓✓
- Hulle maak ook staat op die uitvoer van primêre produkte soos basiese voedsel en grondstowwe. ✓✓
- Inruil, voer hulle klaarprodukte in wat met hulle materiaal vervaardig is. ✓✓
- Hulle voer grondstowwe uit teen lae pryse en voer die klaarprodukte in teen hoë pryse. ✓✓
- Hulle het groot buitelandse skuld as gevolg van die gebrek aan kapitaal. ✓✓
- Hulle vind dit moeilik om die lenings of die rente terug te betaal. ✓✓

6. Gebrekkige infrastruktuur ✓✓

- Ontwikkelende lande het nie genoeg infrastruktuur nie. ✓✓
- Die bietjie wat daar is, is in 'n slegte toestand. ✓✓
- Hulle het slegte paaie, brûe, spoorlyne en kommunikasienetwerke. ✓✓

7. Lae lewensverwagting ✓✓

- Mense sterf op 'n jong ouderdom as gevolg van 'n gebrek aan gesondheidsdienste. ✓✓
- Die uitbreek van MIV en Vigs het die lewensverwagting selfs verder laat afneem. ✓✓

(Enige 13 x 2) (26)

(Indien slegs genoem, maks. 7 punte)**ADDISIONELE GEDEELTE****1. Die groei georiënteerde ontwikkelingsbenadering ✓✓**

Hierdie benadering beskou die kwaliteit van die produksiefaktore en hoe hulle aangewend word as belangrike elemente ter ondersteuning van groei-strategieë. ✓✓

Natuurlike hulpbronne ✓✓

- Hulle aanbod is beperk en kan nie vermeerder word nie, maar produksie van die grond kan verhoog word deur boerderymetodes te verbeter, kunsmis te gebruik, ens. ✓✓
- Ontwikkelende lande behoort sekondêre nywerhede op te rig om primêre grondstowwe te verwerk en finale goedere produseer. ✓✓
- Hulle moet nie net grondstof hulpbronne in 'n onverwerkte vorm uitvoer nie. ✓✓

Arbeid (menslike hulpbronne) ✓✓

- Lande kan dit op baie maniere verbeter. ✓✓
- Onderwys en opleiding sal die algemene vaardigheidsvlakke in 'n land verhoog. ✓✓
- Gesondheidsorg behoort verbeter te word om te verseker dat die arbeidsmag gesond, energiek en meer produktief kan wees. ✓✓
- Bevolkingsgroei moet bestuur word deur gesinsbeplanningsprogramme sodat die bevolking ondersteun kan word deur sy natuurlike hulpbronne en armoede kan beveg. ✓✓

Kapitaal ✓✓

- Kapitaalvorming is noodsaaklik vir die ekonomie om te ontwikkel. ✓✓
- Verkryging van kapitaal is 'n belangrike bestanddeel vir groei. ✓✓
- As kapitaal doeltreffend toegeken word, sal ekonomiese groei toeneem. ✓✓
- Die regering behoort fisiese infrastruktuur te voorsien waar die mark misluk om dit te doen. ✓✓

Entrepreneurskap ✓✓

- 'n Gees van entrepreneurskap en programme moet ontwikkel word om mense aan te moedig om risiko's te neem, nuwe besighede te open en produktief te wees. ✓✓

2. Die basiese behoefte ontwikkelingsbenadering ✓✓

- In teenstelling met die groei-georiënteerde benadering, beskou die basiese behoeftes teorie, ontwikkeling as 'n funksie om basiese menslike behoeftes te bevredig, soos voedsel, water, skuiling en kler. ✓✓
- Dit streef daarna om die armes te ondersteun, massa ontneming te verlaag en elkeen die geleentheid te bied om 'n vol lewe te leef. ✓✓
- Dit fokus op die verskaffing van goedere en dienste wat ontnem word van bevolkingsgroepe. ✓✓

3. 'n Gedeelde benadering ✓✓

- Dit is 'n kombinasie van die groei-georiënteerde benadering en die basiese behoeftes teorie.
- Ontwikkeling as 'n funksie om basiese menslike behoeftes te bevredig benadering. ✓✓
Hierdie teorie glo dat ekonomiese ontwikkeling benodig 'n hoë ekonomiese groeistrategie, terwyl dit terselfdertyd fokus op basiese dienste en inmenging om die armes by te staan. ✓✓
- Die ontwikkeling strategie wat die land volg om die inkomme van die armes te verhoog kan nie permanent op oordragte gebaseer word nie. ✓✓
Dit behoort gebaseer te word op die skepping van langtermyn geleenthede vir mense om op hulle eie 'n ordentlike bestaan te maak. ✓✓

(Enige 5 x 2) (10)

(Indien slegs genoem, maks. 5 punte)

SLOT

Alhoewel sekere gemeenskaplike kenmerke geïdentifiseer kan word, bestaan daar beduidende verskille tussen ontwikkelende lande. In die kategorie van ontwikkelende lande, verskil die vlak van ontwikkeling, bv. 'n ontwikkelende land soos Brasilië het 'n baie meer gevorderde ekonomie as die van Somalië. ✓✓

(Enige toepaslike slot is aanvaarbaar.) Maks. (2)
[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 150